# HOOFSTUK 2

## KOSMOLOGIE, OPVOEDING EN DIDAKTIEK

### 1. Kenbronne

#### 1.1 Inleiding

Elke verantwoordbare ondersoek moet gebaseer word op betroubare bronne van inligting. Wat as betroubaar aanvaar word, word bepaal deur die religieuse stellingname van die denker. (Vgl. Schoeman, 1971, p. 51; Terblanche, 1972,p.8). In sy antwoord op die vraag: „Wat is waarheid?" poneer Potgieter: „Alles hang af van die geloofstandpunt van die subjek van die wetenskap." (Potgieter, s.j., p.3). Daarom is die Calvinis geregverdig om die religie en die religieuse as aanvangspunt van letterlik alle menslike motiewe en dade te beskou" (Schoeman, 1971,p.51). Alles wat die mens doen, alles wat hy dink, word gerig deur sy hartsoortuiging en staan daarom ook in direkte verband met sy geloofsoortuiging; gevolglik kan ons beweer dat geen neutrale standpunt, oor watter aangeleentheid ookal, en daarom ook ten opsigte van die didaktiese pedagogiek, moontlik is nie. Op hierdie grond is die standpunt van die fenomelogie, waar die fenomeen aanvanklik alleen moet spreek, terwyl lewensbeskoulike oortuigings voorlopig op die agtergrond geskuif word, onaanvaarbaar.

#### 1.2 Die Wysbegeerte van die Wetsidee as denkmodel.

Soos hierbo aangetoon, lê die religieuse grondmotief en die geloofsoortuiginge die menslike denke ten grondslag. Hy maak in sy denke van voor-wetenskaplike uitgangspunte gebruik. Een mens glo byvoorbeeld dat daar 'n God , die Formeerder en Beheerser van die ganse heelal, is, terwyl diegene wat 'n ander standpunt huldig ook glo dat daar geen God is nie. Een of ander filosofie lê elke mens se lewens- en wêreldbeskouing, asook sy wetenskaplike ondersoeke, ten grondslag. Geen filosofiese standpunt kan egter met onomstootlike wetenskaplike feite as waar bewys word nie en moet eenvoudig in die geloof aanvaar word. Die religie wat op die hart beslag lê, is hier beslissend. (Vgl. Dooyeweerd, I, 1969, p.662).

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word die uitgangspunte van die Wysbegeerte van die Wetsidee, soos dit in besonderhede deur Dooyeweerd, Vollenhoven, Spier, en andere, uitgewerk is, aanvaar. Hierdie filosofie poog om die struktuur van die werklikheid (soos dit sigself toon) onder leiding van die Christelik- religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, bloot te lê en logies en sistematies te beskrywe.

## 1.3 Die Heilige Skrif as bron van kennis

„Die formele grondbeginsel of grondwaarheid van die Calvinisties- Reformatories- verankerde denke, is die onfeilbare en absolute gesag van die besondere Godsopenbaring, naamlik die Heilige Skrif wat uit Genade deur God self aan die mens geskenk is" (Schoeman, 1971, pp. 6,7). Alhoewel die Skrif geen wetenskaplike handleiding is nie, put die Christen daaruit die feite en norme wat nodig is vir Christelike roepingsvervulling. Hy verkry daaruit kennis aangaande die skepping van die mens na die beeld van God en sy kultuuropdrag - feite waardeur sy bestaan sin en betekenis verkry. Sonder dié kennis sou hy bloot 'n verlengstuk van die natuur wees. Oor sy spesifiek menslike bestaanswyse en pligte, asook die sin van die geskape kosmos, kan die mens uit geen ander bron as die Bybel outoritêre inligting verkry nie. Calvyn beklemtoon hierdie waarheid as hy die Skrif beskryf as die „bril" waardeur die mens die kosmos moet beskou. (Vgl. Calvyn, Institutie,I,6,1). „Antwoorde op die vraag na die sin van die synde word derhalwe deur die Christen nie vanuit die immanente met sy opsigtelike beperking verwerf nie, dog word uit die Godsopenbaring in Christus afgelei, aangesien die Skrif leer dat die ganse skepping deur die Middelaar, Jesus Christus, op volstrekte wyse op God, die Oorsprong en Singewer, die Onderhouer en Voleinder van alle sienlike en onsienlike dinge, betrokke is." (Schoeman, 1975, p. 35).

## 1.4 Die geskape natuur, onder beheersing van die kosmiese wet, as bron van kennis

Met die skepping het God aan elke geskape ding 'n

vaste strukturele opbou en 'n doel en funksie toegesê. Op die wyse is elke ding onder die wet geplaas. Die wet is 'n samevatting van alles waarin die Skepper Sy wil vir die geskapene uitgedruk het: wette, norme, ordeninge, strukture, beginsels." (Spier, 1972, p. 26). Op grond van Sy verordeninge verkry elke ding gevolglik 'n vaste onveranderbare struktuur, dit wil sê, 'n vaste natuurwetmatige opbou. Hier geld die „sogenaamde eksakte of volstrekte wette"(Strauss, Christelike Wetenskap en Christelike onderwys, 1969, p.29) waardeur elke ding 'n kenmerkende strukturele aard verkry. Kennis van hierdie wette verkry die mens op moeisame wyse deur noukeurige navorsing en ontleding.

Benewens hierdie natuurwet onderskei ons ook 'n normwet waardeur die gebruiksvoorwaardes vir elke geskape ding voorgeskryf word. Die ontrafeling van die natuurwet waarborg nie die sinvolle gebruik, dit wil sê, die gebruik soos wat God dit met die skepping bedoel het, van elke ding nie. Die korrekte normatiewe gebruik van die konkrete werklikheid word egter geïnisieer vanuit 'n Christelike religieuse stellingname. „Kennis van die Goddelike veronderstel 'n Godsopenbaring en 'n religieuse greep op die selfheid." (Schoeman, 1975,p,86).

Hieruit is dit duidelik dat die wet nie van immanente oorsprong is nie, maar deur God self ingestel is en dat dit onveranderbaar vasstaan „as algemeen-geldige waarheid, universeel vir alle tye omdat dit deur God Self in die kreatuurlike tydsorde van die werklikheid só bevestig is." (Schoeman, 1975, p. 85; vgl. ook Dooyeweerd, I, 1969, pp. 99-108).

Deur die wet verkry die kosmos sin en betekenis. Daardeur vorm die ganse skepping 'n eenheid bestaande uit ontelbare onderdele maar waarin aan elkeen 'n voorafbepaalde rol en funksie toebedeel is om die sinvolle en harmonieuse ontplooiing van Gods skepping volgens Sy Wil te waarborg. „Without this law the subject drops away into chaos, or rather into nothingness. Only by its Laws is the ego determined and limited." (Dooyeweerd, I, 1969, p. 12).

Omdat God die mens as mede-skepper aangewys het,(vgl. Dooyeweerd, II, 1969, p. 248; Claassen, 1974, p.48; Heiberg, 1973, p. 135) is die mens ook in staat om kennis van die wet te

verwerf. (Vgl. Van Riessen, 1963, p.52). Sy vermoëns is egter beperk, sodat hy nooit al die wette wat op 'n bepaalde struktuur betrekking het, sal ken nie. Daarbenewens kan die mens ook nie volkome kennis van God verkry nie, omdat God bo die wet verhewe is. (Vgl. Spier, 1972, p.26 en Schoeman, 1975, p.47). Die wet vorm die grens tussen God en die Skepping en op Hom is die wet nie van toepassing nie. Omdat die mens vir sy kultuurtaak slegs kennis van die wet nodig het, is absolute kennis van God ook nie nodig vir sy welsyn nie. Die geopenbaarde kennis van God wat aan die mens in die Skrif en die natuur beskikbaar gestel word, is vir hom voldoende. „Die struktuur van die Goddelike argitektoniese bouplan begrens of bepaal die geskapene, en hierdie begrensde kan nooit bokant die begrensde uitstyg of daartoe behoort nie" (Schoeman, 1971, p.37; vgl. ook Van Riessen, 1963, p. 52).

## 2. Die Struktuurmomente van die werklikheid.

In die werklikheid kan vier grondtrekke of struktuurmomente onderskei word. (Vgl. Spier, 1972, pp. 30,31; Van Wyk, Mensbeskouing, 1974,p. 2).

### 2.1. Die religieuse struktuurmoment.

Omdat die religie dui op „binding" (vgl. Strauss, Christelike wetenskap en Christelike onderwys, 1969, p.20), impliseer dit die binding van die selfheid van die mens met sy Oorsprong. Die religie is 'n gedrewenheid by elke mens om te soek na sy Oorsprong. (Vgl. Dooyeweerd, I,1969,p.57). Dit is 'n van-God-gegewe, ingeskape, tipies-menslike eienskap wat sin en betekenis en die finale beslag aan die lewenspatroon van elke mens gee. By alle mense lê dit beslag op die selfheid en rig die selfheid (vgl. Schoeman, 1975, p. 10) sodat alles wat daaruit voortkom, 'n religieuse karakter of „kleur" vertoon. (Vgl. Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p.2). „Kortom beteken dit dat 'n persoon se religie al sy doen en late, sy lewe en strewe, sy voele en denke en wille in 'n besondere rigting, wat met die religieuse gegrepenheid ooreenstem, sal laat ontplooi." (Schoeman, 1975, p.10). Die religie is dus nie een van die mens se modale funksies nie, maar lê radikaal aan die wortel van al sy doen en late. (Vgl. Spier, 1972, p.31).

Die hartsoortuiging van die individu vind vergestalting in sy geloof, wat as modale funksie 'n bepaalde patroon aan die uitlewing van sy oortuiginge gee. Dit is die fondament vir sy godsdiens - sý diens aan sý god of God. As hoogste modale funksie sal dit dan ook 'n kardinale invloed uitoefen op die ontsluiting van al sy ander modale funksies. „In sy geloofsakte rig die mens sy hart (respektiewelik siel) op die Oorsprong van alle dinge, sodat dit inderwaarheid 'n „lewensrig-ting" as die uitkoms van 'n religieuse stellingname vanuit die menslike hart word." (Schoeman, 1971,p.31; vgl. ook Dooyeweerd, I,1969,pp. 61,119).

## 2.2 Die modale struktuurmoment.

### 2.2.1 Die modale funksies

In sy ontleding van die strukture wat in die kosmos voorkom, het Dooyeweerd daarin geslaag om vyftien bestaanswyses of modale funksies te onderskei. (Vgl. Dooyeweerd, I,1969,pp. 1,5; ook Kalsbeek, 1970,p.98). Die huidige stand van sake impliseer egter nie dat latere insigte nie nog nuwe funksies sal onderskei wat tans onopgemerk saam met ander funksies gegroepeer is nie. Vir die huidige onderskei Dooyeweerd:-

1. Die aritmetiese funksie (getal).
2. Die ruimtelike funksie (voortgang).
3. Die kinematiese funksie (beweging).
4. Die fisies-chemiese funksie (energie).
5. Die biotiese funksie (lewe).
6. Die psigiese funksie (gevoel).
7. Die analitiese funksie (denke).
8. Die historiese funksie (voortgang of vorming).
9. Die linguale funksie (taal).
10. Die sosiale funksie (omgang).
11. Die ekonomiese funksie (besparing).
12. Die estetiese funksie (harmonie).
13. Die juridiese funksie (reg en geregtigheid).
14. Die etiese funksie (liefde).
15. Die pistiese funksie (geloof).

Elk van hierdie funksies het dus 'n eiesoortige kenmerkende sinkern, soos hierbo telkens tussen hakies aangedui, en het

net betrekking op 'n bepaalde en beperkte terrein van die geskape werklikheid. Daarom maak elke kring of funksie aanspraak op soewereiniteit in eie kring. Nogtans bestaan die kringe nie geïsoleerd van mekaar nie en is, alhoewel onderskeibaar, nie van mekaar te isoleer nie. Deur middel van antesipasies en retrosipasies van verskillende sinsye van die funksies, word hulle tot 'n integrale eenheid vervleg (vgl. Dooyeweerd, I, 1969, p. 508). „Deze anti- en retrocipaties hebben tot gevolg dat elk aspect als het ware alle andere weerspiegelt" (Kalsbeek, 1970, p. 106). Omdat elke modale funksie hom in elke ander funksie kan uitdruk, maak hulle ook aanspraak op universaliteit in eie kring. Op die wyse word die ganse struktuur van die werklikheid in elke funksie weerspieël. Dit is egter vanselfsprekend dat by die aritmetiese funksie geen retrosipasie en by die geloofsfunksie geen antesipasie kan plaasvind nie. (Vgl. Spier, 1972, pp. 55,56; Schoeman, 1971, p. 4).

Vir die didaktiek het hierdie insigte besondere betekenis, soos in latere hoofstukke in besonderhede aangetoon sal word.

### 2.2.2 Die ontsluiting van die modale funksies

Vanweë sy kultuurmandaat is die mens medearbeider van God op aarde. Hy is verplig om te heers oor die skepping en dit te ontplooi deur kultuurskeppende aktiwiteit. Sy taak eis van hom om die wesenskenmerke van elke struktuur te bepaal en die deur God daarin verweefde wetmatighede oop te dek en in diens van die mens tot eer van God aan te wend. Ook by die mens moet hierdie funksies bepaal en ondersoek word, die verskillende sinsye daarvan ontsluit word en hul betrokkenheid op ander strukture aangedui en ontwikkel word. Die mens se roeping impliseer dus ontsluiting en Claassen stel dit só: „As die mens dus geroepe is om die skepping te onderwerp en daaroor te heers volgens die norme wat God in elke lewensaspek gestel het, dan is die mens inderdaad besig met ontsluitingsarbeid." (Claassen, 1974, p. 49).

Uit hierdie stelling kan ons aflei dat, indien ontsluiting tot eer van God moet plaasvind, dit in ooreenstemming met Gods wet, die Christelike norm- en waardesisteem, moet plaas-

vind. Die moontlikhede van mens en natuur mag nie bloot tot eie eer en gerief of menseverheerliking ontsluit word nie.

Ontsluiting van die normatiewe funksies van die mens vind op langsame en moeisame wyse plaas. Aanvanklik verkeer al die bo-psigiese modale funksies van die mens in 'n geslote toestand en beskik die mens slegs oor die gebruik van dié funksies wat nie deur akte ontsluit word nie soos getal, lewe, gevoel, ensovoorts, wat ook by die dier aangetref word. Progressief verwerf hy die gebruik van die ander funksies, vanaf die laagste tot die hoogste.

Ontsluiting van elke sinsy van 'n funksie geskied onder leiding van 'n hoëre funksie (vgl. Dooyeweerd, II, 1969,p.184). Op dié wyse word telkens iets tot daardie funksie toegevoeg en kan hy op terreine fungeer wat andersins nie moontlik is nie - daar word nuwe skeppingsgegewene daaraan toegevoeg wat op die laer „vlakke" nie te vind was nie. (Vgl. Spier, 1972,p.52).

Interessant is dat die mens in sy kleinkindstadium, wanneer sy funksies tot die eerste ses wetskringe beperk is, nie kan oortree nie, omdat geen beroep op sy normatiewe funksies gedoen word nie. Kennis wat betrekking op hierdie funksies het, word ontdek. Stelselmatig sal die kind ontdek dat hy <u>een</u> is, dat hy <u>kan</u> beweeg, dat sy bed te klein word, dat hy benoud word as hy nie asem kry nie, dat hy onder sekere omstandighede seerkry, ensovoorts. Dit word nie vir hom deur redenasie duidelik nie. Eers op 'n latere stadium word op sy aktstruktuur 'n beroep gedoen en positivering van die norm of ontsluiting van die superstraatkringe van hom vereis.

Die ontsluiting van 'n funksie vind nie eenmalig en totaal plaas nie. Sekere sinsye bly geslote en sal eers op latere stadia ontsluit. Vergelyk byvoorbeeld die ontsluiting van die etiese funksie waar ons verskillende „soorte" liefdes onderskei soos die aanvanklike liefde van die baba en kleinkind vir sy ouer wat spontaan en ongedwonge tot uiting kom, die skugtere liefdesbetuiging van die puber aan sy ouers,

broederliefde, kalwerliefde, naasteliefde, liefde vir 'n dierbare, vaderlandsliefde, liefde vir God, ensovoorts. Telkens tree nuwe sinsye van dieselfde modaliteit aan die lig namate die mens op die pad na volwassenheid vorder. „Die mens maak dus nie die wette nie, hy moet hulle vind" (Spier, 1972, p.47).

Elk van hierdie wetskringe bestaan soos in die vorige paragrawe reeds aangedui is, nie geïsoleerd van mekaar nie. Deur middel van ante- en retrosipasies betree elke funksie die terrein van elke ander funksie. „Saam dui hierdie terme (antesipasie en retrosipasie C.J.C.) op die feit dat elke wetskring in sy eie interne opbou 'n afspieëling van die hele kosmiese wetsorde is, egter telkens op 'n ander manier.(Spier, 1972, p.53). Só byvoorbeeld antesipeer die psigiese funksie van die mens na die logiese sodat die mens hom nie net instinktief jammerhartig sal ontferm nie, maar hom ook deur sy logiese gevoel kan laat lei en selfs hardvogtig kan optree ter bereiking van 'n bepaalde doelstelling, selfs al sou dit vir hom uiters onaangenaam wees. Só ontstaan daar by die mens onder andere taalgevoel, sosiale houdinge, ekonomiese waardebesef, estetiese gevoel vir skoonheid, almal antesipasies van die psigiese wetskring na ander funksies, waardeur die lewe van die mens verruim word. (Vgl. Schoeman, 1974, p.8).

Retrosipasie van die hoëre na die laere funksies vind ook plaas waarvan 'n eerlike transaksie (retrosipasie van die geloofsfunksie na die ekonomiese), vloek, skel, skinder, e.d.m. (van die geloofs- na die linguale funksie), pornografie (na die estetiese), die onderskeiding van 'n afvallige geloof en die uitwys van foutiewe normstrukture (na die logiese), ensovoorts, (vgl. Kock, 1970,p.42) voorbeelde is.

Hieruit is dit duidelik dat ons die wetskringe kan onderskei, maar dat hulle tot 'n harmonieuse eenheid vervleg word onder leiding van die geloofsfunksie.

2.3 <u>Die temporele struktuurmoment.</u>

Elke ding in die skepping bestaan in die tyd en niks kan bo die tyd uitkom nie. Die tyd begrens al ons doen en late. Daarom druk al die individuele skeppings hulle modaal in die tyd uit en is hulle in die tyd bedrywig.

Die tyd vertoon 2 sye: „...time in its cosmic sense has a cosmonomic and a factual side. Its cosmonomic side is the temporal order of succession or simultaniety. The factual side is the factual duration which differs with various individualities." (Dooyeweerd, I, 1969, p. 28). Daar is dus 'n wetmatige opeenvolging van gebeure of vaste volgorde waarin gebeure in die tyd afspeel en waaraan die geskape werklikheid in sy voortgang nie kan ontkom nie. Só het stof, mens dier en plant 'n vasgestelde gang van begin, voortgang en einde. Hierdie gang is nie omkeerbaar nie.

Benewens die wetsy wat hom in die tyd as eienskap van die geskape werklikheid vertoon, het gebeure ook 'n begrensde geldigheidsduur waarin dit afloop of effektief is. Die voortgang van die geskiedenis vertoon hierdie eienskap treffend. Ten spyte van die moedigste en mees volgehoue pogings van volkere om veranderinge in hul volksbestaan te voorkom, neem die tyd eenvoudig sy loop en raak sekere sieninge of gebruike in onbruik en word met nuweres vervang sonder dat die individuele lede van 'n volk dit kan verhoed. Hul geldigheidsduur het verstryk, en wie daaraan bly vasklou, word bestempel as „agter die tyd." Daarom is niks in die skepping aan God gelyk, sodat dit onbepaald in bepaalde omstandighede dieselfde waarde en betekenis behou nie.

Omdat alle skepsele in die tyd fungeer, beskik elke ding oor 'n subjekfunksie in die tyd en daarom sal die tyd sy stempel afdruk op elke modale funksie van die geskape werklikheid. Spier skryf só oor dié aangeleentheid: „Trouens, enersyds is die tyd struktuur, wat al die geskapene volgens die wil van God bepaal, en wat só geld dat geen skepsel hom aan die tyd kan onttrek of sy invloed en werking kan wysig nie. In dié sin praat ons van die tydsorde. Andersyds tree die tyd ook aàn die subjeksy van die geskapene op en kom dus tot uiting in die doen en late van alle skepsele - mens, dier, plant en ding. Trouens, alles wat 'n konkreet- individuele bestaan het, fungeer deur sy aktiviteite in die tyd." (Spier, 1972, p.58).

Die voortgang van die gebeure in die tyd bly egter onderworpe aan die eis van 'n bepaalde volgorde waarin hulle plaasvind: „But the duration remains constantly subjected to the

order. (Dooyeweerd, I,1969,p.28). Die wet laat onmiskenbaar sy stempel op die vergestaltinge van die gebeure soos wat hulle in elke modale funksie tot uitdrukking kom want die tyd druk hom ook op tipiese wyse in alle modaliteite uit. (Vgl. Spier, 1972, p. 58; Van Wyk, Kosmologie, 1974,p.18 en Kalsbeek, 1970,p.152).

## 2.4 Die individualiteitstruktuur.

Elke individuele struktuur beskik oor 'n eie, kenmerkende samestelling of 'n wetmatige opbou omdat elke ding aan die wet onderworpe is en daarin moet fungeer. Die wet bepaal die grense en begrens die terrein waarop elke ding kan optree,as gevolg waarvan elke ding 'n kwalifiserende funksie, dit wil sê, 'n hoogste funksie waarin dit as subjek kan optree, verkry. Só byvoorbeeld beskik 'n klip oor vier subjekfunksies naamlik dié van getal, ruimte, beweging en 'n fisies-chemiese samestelling (vgl. Spier, 1972, p. 72 en Kalsbeek, 1970, p. 65) terwyl die dier benewens die bogenoemde ook nog oor 'n biotiese en 'n psigiese funksie beskik. Die mens beskik verder ook nog oor 'n aktstruktuur.

Die wet en die struktuur van elke ding is egter geen konkrete entiteite nie, maar wyses van gedrag en samestelling. Maar 'n wet sonder iets om die wet te gehoorsaam, is sinloos. Daarom is die wetsy en die subjeksy van elke ding op mekaar aangewys en nooit van mekaar te skei nie - die een veronderstel noodwendig die ander. (Vgl. Schoeman, 1975, p. 86).

Alle natuurdinge, dit wil sê, dinge soos hulle in die natuur voorkom, beskik vanweë die wet oor 'n kwalifiserende subjekfunksie. Deur omvorming kan dit egter ook in die hoëre modaliteite objekfunksies verkry, terwyl die doel waarvoor die betrokke natuurding dan gebruik word, aan hom 'n kwalifiserende objekfunksie verleen. Só byvoorbeeld verkry klippe wat vir geboue gebruik word, 'n sosiale objekfunksie, 'n klomp klippe wat 'n kerk vorm, verkry 'n geloofskwalifikasie, 'n klip wat vir beeldhou gebruik word, 'n estetiese kwalifikasie, ensovoorts. (Vgl. Schoeman, 1975, p. 50). Ten spyte van sy omvorming behou elke ding egter sy eie individuele karakter en is nog steeds aan niks anders gelyk nie. Elke

ding is „ meer as die somtotaal van sy funksies en eienskappe omdat elke afsonderlike skepsel 'n van-God-geskape, eiesoortige en tiperende geaardheid en roeping besit."(Schoeman, 1971,p.37).

Die individualiteit van 'n ding sluit nie uit dat hy binne die grense van sy wetmatige struktuur veranderinge kan ondergaan nie. 'n Kuiken word 'n hoenderhaan en 'n kind word 'n grysaard, maar albei bly steeds sy individualiteit behou en word nie iets of iemand anders nie. (Vgl. Spier, 1972,p.70).

So verkry elke ding vanweë die roeping wat hy te vervul het, 'n individuele struktuur. Ook samelewingsverbande word hiervan nie uitgesluit nie want geen skool, gesin, kerk of staat is aan 'n ander identies nie. Nogtans is elke individualiteitstruktuur algemeen-tiperend van aard (vgl.Schoeman, 1975,p.50) want die individualiteitstruktuur vir alle gesinne, skole, kerke, state, ensovoorts, vertoon 'n eensoortige karakter. So ook mense en ander geskape dinge. Nogtans behou elkeen sy eie individualiteit.

## 3. Die Opvoedingshandeling.

### 3.1 Fundering van die opvoedingshandeling.

By geboorte is elke mens absoluut afhanklik van ander mense en „is geen grootmens of geen grootmens-in-die-kleine nie, maar 'n wordende, groeiende, ontwikkelende wese." (Coetzee, 1965,p.281; vgl. ook Oberholzer, 1968,p.335). Oberholzer beweer: „Die mens is geen oerstruktuur-in-funksie, laasgenoemde in eksistensieel-etiese sin nie, maar 'n geworde struktuur-in-verdere-wording as 'n biopsigies-chemiese aangeleentheid." (Oberholzer, 1968, p. 332). Hy is vasgevang in verandering soos blyk uit die feit dat hy aanvanklik tot weinig, en ten opsigte van die normatiewe, tot niks in staat is nie. Vanaf hierdie staat van absolute hulpbehoewendheid moet hy „uit 'n rigtingloosheid in 'n besondere koers gebring word." (Pistorius, 1964,p.123; vgl. ook Spier, 1972, p. 84).

Hierdie feit maak opvoeding moontlik want die volwassene, wat reeds oor 'n waardestruktuur beskik, moet kennis, waardes en norme aan die kind beskikbaar stel, totdat hy kan begryp wat is „the coherence, the context, the order within which seperate things and facts make sense and can be interpeted." (Van Peursen, 1965, p. 158; vgl. ook Van der Vyver, 1968,p.41).

Slegs deur die hulp en leiding van die opvoeder kan hy tot 'n sinvolle bestaan ontplooi en die opvoeding rig daarom 'n appél tot die verantwoordelikheidsbewuste volwassene wat die opvoeding van die onvolwassene moet onderneem, „want opvoederskap, indien nie aktueel nie, dan tog minstens potensieel, is die roeping van elke normale mens" (Smit, 1966, p.46).

Dit bring mens by die absolute noodsaaklikheid van die opvoedingshandeling deur die volwassene. As die kind (onvolwassene) van die volwassene afhanklik is om hom te voer na volwassenheid, dan dui dit daarop dat God die mens as medewerker nodig het om Sy skepping te laat gedy. Ons staan hier voor 'n skynbare teenstrydigheid; „Die kind is Gods handewerk, geskape na Sy beeld maar sonder medemenslike taakvervulling kom die beeld van God in die mens nie tot volle wasdom nie." (Van der Merwe, 1973, p.158).

3.2 Wat is opvoeding?

In die lig van wat hierbo gesê is, volstaan ons met die beskrywing van Kock: „Onder „Opvoeding" verstaan ons daardie leiding wat deur meer volwasse en meer ontplooide mense gegee word aan die minder volwasse en minder ontplooide met die oog op die ontsluiting van die aktstruktuur op basis van 'n bepaalde kultuur onder leiding van positiewe geloofsnorme met volle inagneming van aanwysbare religieuse grondmotiewe" (Kock, 1968, p. 55).

3.3 Christelike opvoeding.

Uit die voorafgaande definisie blyk dit dat die ontsluiting van die kind se aktstruktuur moet geskied onder die leiding van 'n bepaalde geloofsnorm. 'n Christelike opvoeding sal dus vereis dat die hart van die mens, waaruit sy geloofsnorm bepaal word, Christelik georiënteer sal wees. Sodoende sal elke akt onder die leiding staan van 'n Christelike motief, sodat die mens se hele handelingslewe die Christelike stempel sal dra. Dit is die taak van die opvoeder om aan die kind voor te hou die kennis van God, die Vader, Christus, die Verlosser, die Heilige Gees, die Heilige Skrif as die Bron van kennis, en die norme wat as riglyne vir die Christelike mens in diens van sy God dien. Sonder die oordrag van hierdie

kennis kan daar nie sprake wees van 'n Christelike opvoeding waardeur die kind, „soos in Christus herbore, „volkome kan wees, vir elke werk volkome toegerus", ten einde God in gehoorsaamheid te verheerlik" (Potgieter, s.j.,p.8) en „If a Christian philosophy, Christian jurisprudence, politics, art, ect. are not possible, then these spheres of temporal life are withdrawn from Christ" (Dooyeweerd, I, 1969,p.520).

3.4 Neutrale Opvoeding.

Sou dit moontlik wees om die kind 'n neutrale opvoeding te gee? Op hierdie vraag moet ons onomwonde ontkennend antwoord. In elke opvoedkundige stelsel word uitgegaan vanuit sekere hartsoortuiginge wat meebring die aanvaarding van sekere grondmotiewe en die verwerping van andere. Daarom is dit duidelik dat geen opvoeding kan plaasvind sonder 'n voorafingenome standpunt nie. Jooste stel dit treffend: „By die neutrale mens is die huis skoon sodat al die duiwels daar kan intrek" (Jooste, 1966, p.20) want, soos aangetoon, moet,indien God nie op die hart beslag lê nie, een of ander ‚duiwel' van sy hart besit neem en die mens se oortuigings en dade bepaal en rig. In ooreenstemming met hierdie hartsgerigtheid vind die opvoeding plaas en word die normstruktuur saamgestel wat vir die kind as die ideaal by volwassenheid gestel word. Geen opvoeding is moontlik sonder som voorafingenome standpunt nie.

4. Volwassewording.

4.1 Opvoeding tot volwassenheid.

Op een of ander stadium moet die kind losgemaak word van die leiding van die volwassene, sodat hy self die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir sy dade kan aanvaar. Ons opvoedingsaktiwiteite is immers gerig op die voorbereiding van die kind vir die voer van 'n praktiese lewe en dit het betrekking „nie net op die lewe hierna nie; inteendeel, opvoeding het allereers te doen met die lewe hier en nou" (Van der Merwe, 1973, p.156). Hierdie stadium van losmaking, is die stadium wanneer die opvoedeling volwassenheid bereik het.

Op hierdie stadium word verwag dat die hart van die kind anastaties sy dade sal rig sodat sy aktiwiteite in diens van

sy Skepper staan. By implikasie beteken dit die praktiese toepassing van die Christelike beginsels in al sy kultuurskeppende aktiwiteite en in sy beheersing van die natuur, waaronder ook sy eie liggaam ingesluit is, want „om menslike liggaam te wees, moet die geheel en elke onderdeel (orgaan) juis die enkaptiese struktuurgeheel op eiesoortige wyse verteenwoordig"(Kock, 1970, p. 89). Slegs wanneer sy ganse optrede in diens van sy Skepper staan en voldoen aan sy kultuuropdrag, kan ons praat van Christelike volwassenheid.

Samevattend kan gesê word dat „onder volwassenheid as opvoedingsdoel verstaan moet word, daardie mens in wie die verskillende strukture onder leiding van die aktstruktuur harmonieus ontplooi is, sodat die mens in 'n gedifferensieerde maatskappy en in gehoorsaamheid aan die skeppingsorde met toerekenbaarheid kan optree binne al die modale synswyses" (Van der Merwe, 1973,p.158).

4.2 <u>Volwassenheid is relatief.</u>

Alhoewel in paragraaf 4.1 gestel word dat volwassenheid vereis dat die mens verantwoordelikheid vir sy dade moet aanvaar, moet ons in gedagte hou dat hierdie stadium as finale eindbestemming slegs in teorie bereik kan word. Geen mens kan aan die sonde ontkom nie en sal steeds die onverantwoordelike doen want by elke mens is „die gees gewillig, maar die vlees swak". Daarbenewens is daar ook as gevolg van die vryheid van die mens die moontlikheid van inneem van verskillende standpunte wat deur verskillende kringe albei as verantwoordelik aanvaar sal word, selfs binne Christelike kringe. Die mens bly daarom steeds op weg want in sy menslike hoedanigheid kan hy die eindpunt waar hy absoluut aan die norm gehoorsaam sal wees, nooit bereik nie. „Volwassenheid as opvoedingsdoel dui steeds 'n opweg-wees aan. Die volwasseworddende het alleen oorgegaan in 'n wordende-volwassene. Die uiteindelike bestemming van die mens oorskry die grense van die opvoeding" (Van der Merwe, 1973, p.158).

5. <u>Opvoeding en lewens- en wêreldbeskouing.</u>

Die opvoeding bring aan die kind 'n bepaalde waardestruktuur waardeur die opvoeder die opvoedeling op 'n spesifieke

wyse wil oriënteer ten opsigte van die lewe en wêreld waarin hy verkeer. Die opvoeder poog dus om hom die lewens- en wêreldbeskouing wat sy eie normstruktuur ten grondslag lê, te laat aanvaar. „Die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings druk die sin, doel en waarde van die menslike lewe en die wêreld waarin hy hom bevind, uit; dit bepaal in fundamentele sin die houding van die mens tot alles en lei sy lewenswandel; hieruit lees die mens sy lewensbestemming af en lewensbestemming en opvoedkunde en opvoeding hang ten nouste saam"(Van Wyk, 1972, p. 18).

5.2 Die lewens- en wêreldbeskouing is van fundamentele belang.

Die opvoeding bepaal die religieuse gerigtheid en gesindheid van die hart terwyl die lewens- en wêreldbeskouing van die mens op sy beurt vanuit die hart van die mens bepaal word. Elke ding wat die mens doen, sal in ooreenstemming wees met sy „hartskeuse" of „hartsopdrag" en omdat die hart die lewens- en wêreldbeskouing bepaal, sal al sy oorwoë optrede in ooreenstemming met sy lewens- en wêreldbeskouing wees. „Lewens- en wêreldbeskouing is fundamenteel omdat dit onverbreekbaar met die diepste roersele van die hart van die mens, en daardeur met sy hele persoonwees verweef is, en as sodanig rig dit in fundamenteel- universele sin sy lewe waardeur hy sy bestaan as mens op aarde sinryk en doelgerig maak." (Schoeman, 1971, p. 52).

Hierdie stelling geld natuurlik slegs in soverre die mens redelik (volgens sy rede) in ooreenstemming met sy hartsoortuiging optree. Omdat die mens aan die invloed van die sonde onderworpe is, sal hy vanselfsprekend impulsief en afwykend optree, en doen wat in stryd is met wat hy weet en aanvaar as die korrekte gedragswyses. Nogtans doen dit geen afbreuk aan die feit dat die lewens- en wêreldbeskouing fundamenteel die mens se optrede en dade ten grondslag lê nie.

In hierdie verband is dit ook nodig om daarop te let dat die hartsoortuiging, en daarmee saam die lewens- en wêreldbeskouing, nie eenmalig en finaal gevorm word nie. Die oortuiginge van die opvoeder word stelselmatig aan die opvoedeling oorgedra en mag as gevolg van verskillende invloede weer

verlore gaan of onderwerp word aan hestruktuering. „Lewe en opvoeding is nooit in een handeling afgeloop nie. Dit is een langsaam ontwikkelende en ontvouende proses." (Coetzee, 1965, p.210).

Aangesien die opvoeder deur herhaling en die stel van 'n oortuigende voorbeeld beter geleentheid het om sy oortuiginge by die kind te laat weerklank vind, is dit vanselfsprekend dat hy oor 'n duidelik omlynde lewens- en wêreldbeskouing sal beskik waardeur sy opvoedingsbemoeiinge 'n kenmerkende karakter verkry en sy opvoedingsdoelstellinge helder omlyn en uitgelig kan word. Dit is noodsaaklik, want ook in sy opvoedingsbemoeiinge, lê sy eie lewens- en wêreldbeskouing sy dade ten grondslag. „Ons opvoedingsdoel voldoen in die eerste plek aan die eise van ons bepaalde lewens- en wêreldbeskouing." (Coetzee, 1965, p. 211). Die onderwyser wat onderrig sonder dat sy lewens- en wêreldbeskouing meespreek, tree meganies op.

5.3 Vorming van 'n lewens- en wêreldbeskouing.

Uit ons betoog tot hiertoe het dit duidelik geword dat die kind in totale afhanklikheid van die volwassene gebore word en dat hy op die leiding van die volwassene aangewys is om hom tot volwassenheid te lei. Hierdie leiding is 'n on-ontkombare voorvereiste waardeur die mens gereed gemaak word vir die voortsit van 'n lewensgang in ooreenstemming met 'n bepaalde normstruktuur of lewens- en wêreldbeskouing.

Die ouer begin byvoorbeeld baie vroeg in die baba se lewe, wanneer hy nog absoluut afhanklik is, met sy bemoeiinge met die kind. Baie gou begin hy eise stel in sy bemoeiinge en moet die kind basiese vaardighede begin aanleer. Hy moet byvoorbeeld leer om te sit soos 'n mens sit, moet sy eetgerei hanteer soos 'n mens dit doen, moet aan higiëniese vereistes voldoen soos dit by die mens vereis word, ensovoorts. (Vgl. Van der Stoep en van der Stoep, 1968, p. 30). Hierdie kennis verwerf hy dus nie outomaties wanneer hy 'n sekere ouderdom of peil van volgroeidheid bereik het nie. Dit is kennis wat oorgedra word, maar terselfdertyd ook voldoen aan die eise van 'n bepaalde groep mense. So sal die Afrikaanse baba moet leer hoe die Afrikaanse mens sit, sy eetgerei hanteer, aantrek, ensovoorts en nie maar soos enige mens of die Sjinese mens of

die Bantoemens dit doen nie. Die kennis neem 'n bepaalde patroon aan en hierdie patroon is in ooreenstemming met die kultuurpatroon wat deur hom as volwassene gevolg sal moet word.

Hierdie kultuurpatroon het oor die verloop van eeue tot stand gekom, wat aandui dat dit nie 'n patroon is wat saam met volwassewording outomaties in elke mens se lewe ontplooi nie. Die komponente daarvan spruit uit baie geslagte. Daarom kan die kind nie selfstandig in 'n volwassene, in die betekenis soos in paragraaf 4.1 beskryf, ontluik nie, maar is hy van buitestanders afhanklik om hom daarheen te lei. Aanvanklik onderneem die ouer die taak. Later word die hulp van buitestanders ingeroep. In die primitiewe samelewing geskied dit gewoonlik eers op 'n betreklik gevorderde stadium in die kind se lewe omdat die ontsluiting van die aktlewe relatief eenvoudig bly. In die moderne gespesialiseerde lewe moet die ouer egter gou deskundige hulp byhaal. Dit gebeur dan op georganiseerde wyse en word die kind skool toe gestuur.

## 6. Wat is didaktiek?

Dit is noodsaaklik om duidelikheid te verkry oor wat met die term „didaktiek" bedoel word, aangesien dit noodsaaklik is vir die duidelike begrip van die taak van die onderwyser.

Wanneer die kind die skool verlaat, begeef hy hom na een of ander opleidingsinrigting waarin hy opgelei word in 'n besondere beroepsrigting. In hierdie opleiding word aan hom kennis voorgehou wat noodsaaklik is vir die uitvoering van daardie besondere beroep. Ons verwys byvoorbeeld na die opleiding van tegnici, motorwerktuigkundiges, tandartse, fabriekwerkers, boere. Verwerwing van kennis ter uitvoering van die beroep staan pertinent op die voorgrond en alhoewel 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing alle onderrig ten grondslag lê en dit op 'n bepaalde wyse „kleur", val die klem in die didaktiek op die oordrag van kennis en vaardighede. Selfs in die Godsdiensonderrig, waar die normstrukture voorgehou word, val die hoofklem op die verwerwing van parate kennis sodat die opvoeding by die kennis kan aansluit. Die didaktiek hou hom besig met die nadenke oor die teorie van onderwys sowel as die kuns of vaardigheid om onderwys te kan gee. (Vgl. Van der Stoep en van der Stoep, 1968, p. 36). „Die woord didaktiek

beteken onderwysleer of die teorie van die onderrig. Dit behels 'n studie van die opsetlike en sistematiese oordrag van kennis. Omdat teorie en praktyk egter altyd by mekaar moet aansluit, behels didaktiek nie alleen onderwys~~beheer~~ nie maar ook onderwyskuns." (Kruger, 1972, p. 15). Dit is hieruit duidelik dat die didaktiek nie van die opvoeding te skei is nie en 'n onafskeibare onderdeel daarvan vorm, maar dat die hoofklem by die didaktiek val op die oordrag van kennis, eerder as op die oordrag van waardes of norme.

7. Die noodsaaklikheid van opvoedkundige didaktiek.

Wanneer ons in die skool 'n normlose didaktiek sou bedryf, d.w.s. die norm in ons bemoeiing met die kind heeltemal oor die hoof sien, sou die skoolonderrig op 'n ramp afstuur. Dan sou volgroeide persone die wêreld ingestuur word wat nie oor 'n waardestruktuur beskik aan die hand waarvan hulle hul kennis kon aanwend nie. Die gevolge hiervan behoef geen verdere betoog nie, want 'n babelse verwarring sou hieruit voortspruit.

Wanneer die ouer sy kind skool toe stuur, verwag hy dat die opvoedingsrigting van die huis in die skool voortgesit sal word. Die onderrig moet dan plaasvind in dieselfde gees as wat die ouer beoog het toe hy sy kind as mens in 'n bepaalde milieu of samelewingsverband begin opvoed het. Hierdie milieu het voldoen aan sekere normvereistes wat die ouer as belangrik beskou het. Die onderrig in die skool moet by hierdie struktuur aansluit want die skool voer die kind verder na volwassewording. Volwassenheid eis egter dat die kind oor 'n deeglike kennis van die normstruktuur van die gemeenskap waarvan hy lid is, of 'n gesonde lewens- en wêreldbeskouing, sal beskik. Daarbenewens moet hy egter ook beskik oor genoegsame kennis om die natuur te onderwerp en kultuur te skep in ooreenstemming met sy roeping. Die skool het dus die verantwoordelikheid om vir die kind genoegsame kennis by te bring, maar ook om hom te leer hoe om sy kennis te gebruik volgens die eis van sy lewens- en wêreldbeskouing. Die skoolopleiding moet in beginsel ooreenstem met die onderrig waarmee reeds tuis begin is.

Dit is daarom duidelik dat die onderwyser sy bemoeiinge met die kind in die skool nie mag beperk tot die terrein van

blote kennisoordrag nie maar dat die ouer sal aandring op die implimentering van didaktiese pedagogiek **of** opvoedende onderwys in die skool. „Maar opvoeding as handeling tussen mense is 'n aangeleentheid wat met norme gemoeid is; en die inhoude van hierdie norme wortel onlosmaaklik in die lewens- en wêreldbeskouing van die volwassenes wat die opvoedingswerk moet doen. Dit kan dan ook nie anders nie dat hierdie vertolking daarvan deur die opvoeder self die sentrale plek van die skool se bedrywighede uitmaak" (Van der Stoep en van der Stoep, 1968, p. 77).

Aangesien die skool hom nie uitsluitlik met die kennisoordrag besig kan hou nie, maar ook die kind moet opvoed, alhoewel die klem baie swaar op die kennisopdrag val, moet ons ten opsigte van skoolonderrig verkieslik die terme pedagogiese didaktiek of opvoedkundige didaktiek gebruik, in plaas van didaktiese pedagogiek.

## 8. Die belangrikheid van 'n antropologiese beskouing vir die opvoeder.

Heyns skryf: „Wie mens sê, sê lewens- en wêreldbeskouing, want as totale antwoorde-kompleks op alle vrae, bedenkinge en oorpeinsinge van die menslike hart, is lewens- en wêreldbeskouing eie aan elke mens (Heyns, C.O.V.S.A-studiestuk No. 14, p. 9). Ons sou ook andersom kon beweer dat, wie lewens- en wêreldbeskouing sê, mens sê. Hiermee word beklemtoon dat die wese en aard van die mens, sy vermoëns en beperkinge, belangrike bepalende faktore sal wees wanneer hy oor 'n opvoedingsprogram moet besin om 'n sekere lewens- en wêreldbeskouing by die kind tuis te bring. Om sy doelstellings te kan bepaal, sal die vermoëns van die opvoedeling bekend moet wees, want geen didaktiese poging kan suksesvol verloop indien dit onmoontlike eise aan die vermoëns van die opvoedeling stel nie. Wat ons van die mens dink, sal ook ons hele opvoedingspatroon bepaal (vgl. Coetzee, 1965, p. 233; en Heiberg, 1970, p. 58) en sal die mens „in sy soeke na die wese van die opvoeding ook daarmee gemoeid wees om die wese van die mens te bepaal..."(Terblanche, 1972, p. 25).

Om finaal en sonder twyfel aan te toon wat onder die wese van die mens verstaan moet word, is geen geringe taak nie. Nêrens bestaan 'n beskrywing of omskrywing van die wese van die mens wat deur almal as geldig aanvaar word nie.

Elke siening word bepaal deur 'n religieuse stellingname omdat al die wesenstrekke van die mens nie wetenskaplik bewys- of aanwysbaar is nie. „The question: „Who is man?" contains a mystery that cannot be explained by man himself",(Dooyweerd, 1960,p.178) en verder: „There are many special sciences which are concerned with the study of man. But each of them considers human life only from a particular viewpoint or aspect. Physics and chemistry, biology, psychology, history, sociology, jurisprudence, ethics, and so forth, they all can furnish interesting information about man. But when one asks them: „What is man himself, in the central unity of his existence, in his selfhood?" ,then these sciences have no answer." (Dooyeweerd, 1960, p. 179). Op hierdie vraag kan slegs die Maker, nl. God die finale antwoord oor sy bedoeling met die mens gee. Alhoewel in Sy Woordopenbaring geen uitvoerige antropologie beskrywe word nie, word voldoende gegewens oor die wese van die mens en God se bedoelinge met die skepping van die mens gegee deur middel waarvan 'n antropologie saamgestel kan word.

Die talryke pogings wat reeds aangewend is om 'n aanvaarbare en onweerlegbare antropologie saam te stel, word in die praktyk weerspieël in die dosyne beskouinge oor opvoedkundige stelsels wat reeds tot stand gekom het waarin die klem telkens op verskillende uitgangspunte val as sou dáárin dan die ware wesenskenmerke van die mens beklemtoon word. Vergelyk byvoorbeeld die benaderingswyses van die idealisme, kommunisme, realisme, naturalisme, humanisme, behaviorisme, ens.

Vanuit 'n Christelike standpunt het ook al beskouinge oor die wesenskenmerke van die mens tot stand gekom. Hierdie beskouinge is egter gefundeer in die Woordopenbaring van God, die Heilige Skrif, wat as die volle waarheid aanvaar word. Daarom is die mens vir sy antropologiese kennis afhanklik van die Skrif en moet ons „die mens bestudeer in die lig van die Skrif en in ooreenstemming met ons geloofskennis soos gegee in die geopenbaarde Woord van God" (Taljaard,1974, p. 9.).

Vanuit hierdie standpunt sal ons dan in die volgende hoofstuk poog om tot 'n Skriftuurlik- antropologiese beskouing te kom.